

GRAAN TOER



FEBRUARIE 2018

OVK GRAAN BEMARKING





GRAAN TOER ROETE





Bloemfontein – Bultfontein (19/02/2018)



Sonneblom (Klein)

- Plantestand goed, egalige opkoms, grondvog bo-gemiddeld.



Mielies (Klein)

- Plantestand & opkoms onegalig, grondvog gemiddeld tot bo-gemiddeld.



Oorlê Lande

- Redelike hoeveelheid oorlê lande wat voorberei is, maar nie geplant is nie.



Bultfontein – Hoopstad (19/02/2018)



Sonneblom (Klein)

- Plantestand goed, effens onegalige opkoms, grondvog gemiddeld.



Sojabone (Klein)

- Plantestand swak, onegalige opkoms, grondvog gemiddeld.



Mielies (Klein - Medium)

- Plantestand wissel tussen goed tot swak, onegalige opkoms, grondvog gemiddeld.



Mielies (Groot)

- Plantestand goed, onegalige opkoms agv her-plantings, grondvog gemiddeld tot bo-gemiddeld.



Bultfontein – Hoopstad (19/02/2018)



Sonneblom (Klein)

- Plantestand goed, egalige opkoms, grondvog gemiddeld.
- Aanplanting vroeg Februarie.



Sonneblom (Groot)

- Plantestand baie goed, egalige voorkoms, grondvog gemiddeld.
- Koppe gemiddelde grootte en egalig.



Sojabone (Groot)

- Plantestand goed, egalige voorkoms, grondvog bo-gemiddeld.





Hoopstad – Bloemhof (19/02/2018)



Mielies (Groot)

- Plantestand goed, egalige voorkoms, grondvog gemiddeld.



Sonneblom (Groot)

- Plantestand goed, egalige opkoms, grondvog gemiddeld.



Sojabone (Klein - Medium)

- Plantestand en opkoms onegalig, grondvog gemiddeld, redelik hoeveelheid opslag mielies.



Bloemhof - Schweizer-Reneke (19/02/2018)



Mielies (Medium)

- Plantestand goed, egalige opkoms, grondvog gemiddeld tot bo-gemiddeld.



Oorlê Lande

- Daar is ook 'n redelike hoeveelheid oorlê lande in die streek.





Schweizer-Reneke – Delareyville (19/02/2018)



Sonneblom (Klein)

- Plante uiters klein, plantestand swak, redelike egalige opkoms, grondvog gemiddeld (Boggrond effens droeër)

Sonneblom (Groot)

- Plante begin blom, plantestand goed, egalige voorkoms, grondvog gemiddeld tot onder gemiddeld.

Mielies (Klein)

- Plantestand goed, opkoms egalig, grondvog gemiddeld tot onder gemiddeld.

Mielies (Medium)

- Plantestand goed, egalige opkoms, grondvog onder gemiddeld.

Sojabone (Medium)

- Plantestand goed, egalige opkoms, grondvog onder gemiddeld.





Delareyville – Sannieshof (19/02/2018)



Mielies (Groot)

- Plantestand en opkoms onegalig, grondvog gemiddeld.

Mielies (Groot)

- Plantestand goed, egalige voorkoms, grondvog gemiddeld.

Sonneblom (Groot)

- Plante vol in blom, stand en opkoms baie mooi egalig, grondvog gemiddeld.

Sonneblom (Medium)

- Plante nog klein, stand swak, onegalige opkoms, grondvog gemiddeld tot bo-gemiddeld.

Sonneblom (Klein)

- Baie laat aanplantings, grondvog gemiddeld.





Sannieshof – Lichtenburg (19/02/2018)



Mielies (Groot)

- Mielies in pluim, plantestand goed, egalige voorkoms, grondvog gemiddeld.



Sonneblom (Klein)

- Plantestand gemiddeld, egalige opkoms, grondvog gemiddeld na onder gemiddeld.



Mielies (Groot)

- Mielies in pluim, plantstand goed, egalige voorkoms, grondvog gemiddeld, bo-grond effens droeër.





Lichtenburg – Coligny (19/02/2018)



Sonneblom (Groot)

- Plante in blom, plantestand gemiddeld tot goed, egalige voorkoms, middelmatige koppe, grondvog gemiddeld tot onder-gemiddeld.



Mielies (Groot)

- Plante in pluim, plantestand goed, egalige voorkoms, grondvog gemiddeld.
- Gewasse vertoon effens swakker as in vorige streke.





Coligny – Ventersdorp (19/02/2018)



Sonneblom (Groot)

- Plante in blom, plantestand goed, egalige opkoms, grondvog gemiddeld, maar effens droeër toestande.



Mielies (Klein)

- Plante het net opgekom, plantestand baie goed, egalige opkoms, grondvog gemiddeld.

Ventersdorp – Potchefstroom (19/02/2018)

Mielies (Medium)

- Plantestand swak, onegalige opkoms, grondvog gemiddeld tot onder gemiddeld.





Orkney – Bothaville (20/02/2018)



Mielies (Groot)

- Plante begin in pluim in gaan, plantestand baie goed, baie egalige voorkoms, grondvog gemiddeld tot bo-gemiddeld.



Sonneblom (Groot)

- Plantestand bo-gemiddeld, opkoms egalig, grondvog bo-gemiddeld.



Sonneblom & Mielies (Nampo Park)

- Plantestand gemiddeld tot goed, redelike egalige stand, grondvog bo-gemiddeld.





Bothaville – Kroonstad (20/02/2018)



Mielies (Groot)

- Plante voor en in pluim, plantestand goed, egalige voorkoms, grondvog bovengemiddeld.



Mielies (Groot)

- Plante in pluim en vertoon baie mooi, plantestand goed, egalige voorkoms, grondvog gemiddeld tot onder gemiddeld.



Oorlê

- Dis opvallend dat hier weer meer oorlê lande is.





Bothaville – Kroonstad (20/02/2018)



Sonneblom (Klein - Medium)

- Her-aanplantings, plantestand baie swak, onegalige opkoms, grondvog onder gemiddeld.



Mielies (Klein)

- Plante nog baie klein, plantestand swak, onegalige opkoms, grondvog onder gemiddeld.



Sojabone (Medium)

- Plantestand goed, egalige opkoms, grondvog onder gemiddeld.





Ventersburg – Virginia – Theunissen – Brandfort (20/02/2018)



Mielies (Groot)

- Plante begin in pluim ingaan, plantestand goed, redelike egalige voorkoms, grondvog gemiddeld.



Mielies (Groot)

- Plante begin in pluim, plantestand goed, egalige voorkoms, grondvog gemiddeld tot bo-gemiddeld. Plante vertoon baie mooi.



Sonneblom (Medium - Groot)

- Plante wissel van medium tot in blom, plantestand van jonger plante is beter as die van groter plante, grondvog gemiddeld.







OPSOMMING





- Die gewas toestande tussen Bloemfontein tot by Bultfontein is onder gemiddeld. Daar is baie laat aanplantings van beide mielies en sonneblom. Die area se grondvog is tans gemiddeld. Daar is ook redelike hoeveelheid bewerkte oorlê lande.
- Tussen Bultfontein en Hoopstad is die gewasse redelik laat aangeplant, die gewas toestande is oor die algemeen onder gemiddeld tot goed. Die gewas toestande verbeter nader aan Hoopstad. Daar is redelike laat sonneblom aanplantings, wat aandui dat mielie hektare moontlik oorgeswaai is na sonneblom agv. optimale plantdatum wat verby gegaan het. Die area se grondvog is tans gemiddeld. Hier is redelik min oorlê lande in die area.
- Vanaf Hoopstad tot Schweizer-Reneke vertoon die gewasse baie goed. Daar is ook later aanplantings van veral mielies. Die grondvog is tans gemiddeld tot bo-gemiddeld. Hier is meer oorlê lande in die area.
- Die gewasse vanaf Schweizer-Reneke tot by Lichtenburg se gewas toestande wissel van gemiddeld tot goed en die opkoms is meer egalig. Die mielies is al vroeër aangeplant, dus is van die mielies al in die bestuiwing stadium. Die sonneblom aanplantings wissel van klein tot blom stadium. Die grondvog is tans gemiddeld tot onder gemiddeld. Hier is minder oorlê lande as in vorige areas.
- Tussen Lichtenburg en Potchefstroom vertoon die gewasse goed tot baie goed, met mielies wat wissel tussen nuwe aanplantings tot pluim stadium. Sonneblom aanplantings wissel ook tussen klein tot blom stadium. Daar is egter meer mielie aanplantings in die area. Die grondvog toestande is tans gemiddeld tot onder gemiddeld.
- Die gewasse tussen Klerksdorp en Kroonstad is al verder gevorder en die gewas toestande is goed, met egalige stand. Nuwe aanplantings kom egter voor, maar in die minderheid in vergelyking met ander areas. Die grondvog vir die area is tans bo-gemiddeld. Daar is 'n goeie balans tussen mielie en sonneblom aanplantings. Die gedeelte se gewas toestande vertoon tans die beste.
- Tussen Ventersburg en Brandfort vertoon die gewasse oor die algemeen goed. Die mielies is ook vroeër geplant, maar die sonneblom aanplantings wissel van klein tot blom stadium. Di grondvog toestande is tans gemiddeld. Die voorkoms van oorlê lande is ook meer in die area.
- **Die gewas toestande oor die algemeen blyk om gemiddeld te wees, maar goed verspreide opvolg reën bly egter van belang vir veral die laat aanplantings, asook gewasse wat tans in die bestuiwing stadium is. Verder is daar baie meer laat aanplantings in vergelyking met verlede jaar. Die voorkoms van ryp gaan 'n bepalende rol speel by die realisering van die laat aanplantings. Daar is ook mielie hektare wat oorgeswaai het na sonneblomme toe die optimale plantdatum verby gegaan het.**

2016 – 2017



Rainfall (mm) for November 2016
(Based on preliminary data)



Rainfall (mm) for December 2016
(Based on preliminary data)





Rainfall (mm) for January 2017
(Based on preliminary data)





2017 – 2018

Rainfall (mm) for November 2017
(Based on preliminary data)



Rainfall (mm) for December 2017
(Based on preliminary data)



Rainfall (mm) for January 2018
(Based on preliminary data)

